## GESKIEDENIS 'N INLEIDENDE WOORD

Sonder enige aanloop, wil ek die paar gedagtes wat ek in die kort tyd tot my beskikking tot u kan rig, inlei met 'n handjievol uitsprake oor die geskiedenis, voor die voet gekies uit die geskrifte van mense wat sekerlik nie almal geskiedkundiges was nie — inderdaad slegs enkele van hulle was dit — maar wat, soos ons hier, op die een of ander tydstip voor die vraag te staan gekom het wat nou eintlik geskiedenis is en watter betekenis dit in ons denke en lewe het.

Laat ons met die korste en vernietigendste begin, dié van die beroemde motorkoning, Henry Ford, wie se naam self in die geskiedenis van hierdie eeu 'n blywende plekkie het. By geleentheid het hy gesê: „All history is bunk." Dis 'n onvriendelikheid wat ons meermale teenkom en ongelukkig juis onder diegene wat minder aangename herinneringe het aan geskiedenis wat hulle as skoolvak moes neem.

Alleen aan die wysgere is dit gegee om geskiedenis te skryf — *Voltaire.*

„People will not look forward to posterity, who never look backward to their ancestors" — *Burke* — *Revolution in France.*

Die geskiedenis vergoed ons enigsins vir die kortheid van die lewe — *Skelton.*

„History maketh a young man to be old, without either wrinkles or grey hairs, privileging him with the experience of age, without either the infirmities or inconveniences thereof" — *Fuller.*

„History is mainly lies" — *Charles Kingsley.*

Die geskiedenis van die volke is 'n leer van ellende waarvan die rewolusies die sporte is — *Chateaubriand.*

„History is the essence of innumerable biographies" — *Carlyle* (*On History*).

„There is properly no history, only biography" — *Emerson* (*Essays*).

Die geskiedenis en die statistiek, is soos kinders in die hof; jy kan hulle alles laat sê wat jy wil — *Franse skrywer.*

Wie hom aanhoudend met historiese studie besig hou, is nie meer in staat om die lewe met ware vreugde aan te sien nie — *Voltaire.*

Die geskiedenis is 'n opstanding — *Michelet.*

Die geskiedenis is die bewaarster van die herinnering aan groot dade en die getuie van die verlede, die voorbeeld en die leermeesteres van die hede, die waarskuster vir die toekoms. — *Cervantes.*

Mag ek nog net een byvoeg: die opmerking van ons eie Langenhoven toe hy hier op Stellenbosch in die bewoë jaar 1918 'n skitterende lesing gehou het voor die Afrikaanse Taalvereniging oor *Geskiedenisstudie.* Hy het die studente die Latynse sinsnede voorgehou: *Felix qui potuit rerum cognoscere causas* — Gelukkig is hy wat die oorsake van die dinge kon weet.

Uiteenlopend is die gedagtes in hierdie sitate vervat. Dit kan u hoor. Dit wissel van ongevoelige skeptisisme tot bykans religieuse eerbied.

Laat ons ook vooraf toegee dat iemand 'n goeie dosent of 'n onderwyser van geskiedenis as vak kan wees, selfs miskien 'n goeie skrywer van geskiedenis, sonder om hom oor sy eie historiese denke te besin, sonder om die vraag te stel wat die wese is van dié geesteswetenskap waarvan hy op sy manier 'n beoefenaar of 'n vertolkende handlanger is.

Aanstons sal ons hier begin praat oor aktuele vraagstukke van die geskiedenisonderwys, oor leerplanne, eksamens, metodes van onderrig, die plek van die vak Geskiedenis naas ander skoolvakke. Agter dit alles, agter die oprigting selfs van ons *Historiese Genootskap van Suid-Afrika*, wat in groot mate voortgekom het uit die geledere van ons onderwysmanne, staan die groot en belangrike implikasie dat dit hier gaan nie om *'n* skoolvak nie, maar om *die* vak wat aansprake van 'n besondere aard moet laat geld binne die raamwerk van die skoolonderwys in ons vaderland. Wat kan dus meer gepas wees as dat hy wat hom as pleitbesorger wil stel vir ruimer erkenning van die belangrikheid van Geskiedenis as vak en die doeltreffender oordrag van geskiedkundige kennis aan die skoolgaande kind, met homself gesprek moet voer oor die kernvraag — wat is hierdie begrip geskiedenis? Kan ek stryd voer vir 'n saak as ek oor die saak self nooit persoonlik tot kennis en helderheid gekom het nie? Is die geskiedenis wat ek wil onderwys, of laat onderwys, niks meer as enkele naslaanwerke en die paar honderd bladsye vol verkapte feite van 'n handboek wat as eksamenmateriaal aangebied word nie? Of is die knapste handboek en doeltreffendste leergang vir my (soos dit hoort) maar net die smal plankbruggie tussen, aan die een kant, die hele potensiaal van die geskiedenis as kennisgebied waarvan die grootste historikus ook maar slegs die buitenste lagie aanraak en, aan die ander kant, die intellektuele vorming wat ek met my oordrag van kennis die geskiedenisleerling wil bybring.

Wanneer ons dan oor die wese van die geskiedenis praat, pas dit ons om dit te doen met veel nederigheid, in dié sin dat die geskiedenis die mens se hele ervaring van die verlede omvat, soos die ou Latynse skrywer dit uitdruk: *quidquid agunt homines,* alles wat die mens bedryf en bedryf het. Alles wat hy gesê, gedink en gedoen het. Elke krieseltjie onder hierdie drie hoofde het historiese betekenis en elke vervlietende oomblik voeg aan die massa toe wat teoreties niks uitsluit wat gebeur of gebeur het nie. Hoe pateties karig lyk dan ons kennis, selfs die kennis van die geleerdste onder ons, as ons dit stel teenoor so 'n oneindige potensiële inhoud. Dit moet tot nederigheid dwing as ons bedink dat ons eintlik van die hele universele verlede-werklikheid 'n bietjie weet van die hoofmomente uit die geskiedenis van slegs één kontinent nl. Wes-Europa, nog 'n bietjie oor ons eie vaderland en dan nog 'n weinig — heel weinig, oor Asië en Noord-Amerika.

Een troos is daar, in die praktyk is daar geen outomatiese registrasie van alle menslike gebeure in sy volle omvang nie; geskiedenis as rekonstruksie van 'n vergange werklikheid, is altyd noodwendig 'n selektiewe

en onvolledige rekonstruksie. Dié geskiedenis wat die voorwerp van studie en navorsing is, is die neerslag van sekere hoofmomente (meesal die belangrike) in die verlede soos dit in die sigbare getuienis, d.w.s. in dokumente bewaar gebly het. Die begrip geskiedenis is basies (so lees ons in ons handboeke) in sy Griekse en Romeinse betekenis *ondersoek*, naspeuring; in sy Duitse en Nederlandse betekenis dui dit bloot op wat *plaasgevind* het in die komplekse menslike gebeure. Maar omdat geen dokumentêre getuienis ooit absoluut is nie en op menslike waarneming berus wat aan talle psigologiese beperkings en onnoukeurighede onderhewig is, moet ons aanvaar dat alle geskiedenis nie slegs 'n deel-weergawe van verlede-werklikheid is nie, maar dat dit ook 'n betreklike beeld is van daardie verlede-situasie. Die betreklike oorheers; jy kom nooit heeltemal by Ranke se ideaal van verlede „soos dit eintlik was" nie. Die beeld word gebuig deur die tydsverloop; elke waarnemer sien dit met die oë van sy tyd en generasie, deur die bril van sy hede en met die aksent wat hy op die een of ander aspek lê: die ekonomiese, die sosiale, die godsdienstige, of, soos Carlyle in sy aangehaalde stelling (wat hy in sy werke toegepas en beredeneer het), die biografiese of individuele rol van groot manne.

Inderdaad het ons in die geskiedenis wel 'n konstante kern van gebeure waar relatiwiteit nie geld nie. Ons weet bv. dat sowel genl. Botha as genl. Smuts op 'n bepaalde dag in 1919 in 'n bepaalde saal in Frankryk was en die Vredesverdrag van Versailles namens die Unie van Suid-Afrika onderteken het. Dit mag ons as 'n feit konstateer wat bo alle twyfel staan. Maar wat die betekenis van die ondertekening was, is 'n saak van betreklike siening en beoordeling wat mag verskil van waarnemer tot waarnemer. Dit beteken egter nie dat, soos die skeptici en positiwiste dit wil hê, alle geskiedenis leuens is nie. Ons kan die relatiwiteit aanvaar sonder hierdie negatiewe gevolgtrekking.

Voor ons by die kwessie van 'n aanvaarbare omskrywing van geskiedenis kom, eers enkele kenmerke van hierdie geesteswetenskap wat ons kan stel: eerstens, dat dit 'n onselfstandige wetenskap is, juis omdat dit uit alle vorme van menslike bedrywighede abstraheer. Dit oortree bv. op die gebied van die argitektuur, die landbou, die nywerheid, wat óók elk *'n* geskiedenis het; dit gryp heen oor die gebied van alle wetenskappe bv. die argeologie, die sterrekunde, die wiskunde en aardrykskunde (aan die eksakte kant) en omsluit ook die geskiedenis van ideë: die teologie, die staatsleer, die wysbegeerte self.

Die geskiedenis beweeg egter nie alleen sonder perk nie, maar dit soek en vind die eenheid van die dinge. As eenvoudige verhaal vertoon die geskiedenis hom oorspronklik in die tydperke van die geboekstaafde geskiedenis; ons weet dat die verhaal ook lerend en didakties kan word en dat hy in sy derde vorm geneties opgebou word deur die historikus om die oorsaaklike en kousale verband te toon, maar hoe dit ook al aangebied word, die geskiedenis bly 'n eenheid. Jou kennis van die groot mosaïek mag dus fragmentaries wees, maar jy het met 'n magtige

eenheid van gegewe te doen. Hoe jy ook al met dié of dáárdie metode te werk gaan, wat jy ook onder die vergrootglas sit en wat jy panoramies as vergesig van eeue oorsien met enkele pennestreke: dit bly onlosmaaklik die onderdele van 'n kolossale verlede-werklikheid, elk met betrekking op die ander, al is die skakel hoé veraf en hoé indirek ook. Dit sal ons nou nie in die praktyk elke keer toepas deur by die Phoeniciërs te begin as ons Jan van Riebeeck se koms na die Kaap wil verduidelik nie; dit sou alte gek wees. Maar dit is nogtans 'n wesenskenmerk van die geskiedenis waaraan ons nie kan ontkom nie. Noem dit kontinuïteit, of die eenheidsbegrip (soos die Engelse filosoof Freeman dit verkondig het).

In sy wydste omvang universeel en vir een menseverstand ongrypbaar, is die geskiedenis in sy nouer verband 'n gedurige strewe na sin en oorsaak onder die los gebeure van die verlede, 'n soektog na die patroon en die sinvolle voltooiing van die legkaart sodat daar nie net nege Xhosa-oorloë met al hul datums en eiename staan nie, maar die ontwikkelingslyn van die kontaksituasie op die Oosgrens tussen blanke en Bantoe (om in die verbygaan 'n vlugtige voorbeeld te noem).

Binne dié onmeetlike veld van die gebeure-eenheid kan die vertolker van die geskiedenis nou met allerlei kunsgrepe kom wat kontroverses tussen geskiedfilosowe tot gevolg het en waaroor 'n ganse literatuur al ontstaan het. Dit moet ons verbygaan met die enkele aanhaling van die beweerde wetmatigheid of siklusleer van opkomende en verdwynende „beskawings" soos Arnold Toynbee dit in sy monumentale reeks werke *A Study of History* aan ons gegee het. Boeiend en ontsagwekkend bly dit, al is dit reeds deur kritici fel aangetas.

Hoe kom ons nou met so 'n wetenskap, „the most inclusive and many sided of all the social sciences", tot 'n aanneemlike omskrywing of definisie (as soiets dan nou nodig is om die wese van die geskiedenis aan te dui?). Geskiedenis is juis die begrip wat steeds pogings ontwyk om hom binne die vier hoeke van 'n definisie vas te pen. Hoe ingewikkelder die samelewing waarin ons beweeg, hoe moeiliker om alles met een dakkie van 'n paar sinne te oorkoepel. Wat jy sien, sal steeds afhang van waar jy staan. Vir die een is dit 'n soektog: geskiedenis is die soektog om meer uit te vind oor menslike handeling en dade, die *res gestae* van alle tye waarin soveel vrae opgesluit lê. Baie naby hieraan is die groot historikus Pirenne se omskrywing: geskiedenis is die verhaal en prestasies van mense wat in *gemeenskappe* leef. Die sosiale verband stel hy voorop. Daarnaas enkele ander pogings: Geskiedenis is gebeure gebonde aan tyd en plek en gegrond in die gedagtes en gevoelens van mense. Of effens anders gestel: die openbaring van die menslike natuur deur handeling en intellek. So kom ons dan by die baie belangrike toevoeging wat Toynbee stel by soortgelyke definisies. Geskiedenis, sê hierdie hedendaagse kolos onder die vertolkers van historiese gebeure, „is an investigation into human affairs on the move". Dit is dus nie mense nie, maar mense-in-aksie, van die vroegste tyd tot op hierdie

oomblik, op elke plek op aarde. Bewegend, aaneen bewegend, nooit staties nie.

Ek het geen eie definisie om in sulke deurlugtige geselskap soos hier genoem, by te voeg nie, en voel heeltemal tevrede met die eenvoudige oplossing wat een van Nederland se grootste kultuurgeskiedkundiges en denkers van hierdie eeu, Huizinga, ons aanbied. Geskiedenis, sê hy, beteken die egte en ernstige soek na kennis van die verlede; dis 'n vorm van rekenskap gee, rekenskap oor *jou* volk, oor *ander* volke; rekenskap van 'n kultuur wat elk sy eie vorm van geskiedenis mag lewer. As jy sulke geskiedenis wil definieer, moet dit bondig wees, dit moet geskiedenis as kultuurverskynsel omvat en dek soos 'n kombers sodat niks uitsteek nie, selfs nie die subjektiwiteit van groepe of die verskillende benaderings van refererende, pragmatiese en genetiese skrywers nie. So kom hy dan by sy hoogste woord: *Geskiedenis is die geestelike vorm waarin 'n kultuur hom van sy eie verlede rekenskap gee.* As u dit wil aanvul of probeer verbeter, probeer maar gerus.

Daarmee is eintlik my opdrag afgedaan; om van hierdie beskouing oor die aard van die geskiedenis nou voort te gaan na die nutswaarde van geskiedenis as vak, lê buite die huidige bestek. Maar vir ons hier is dit so aktueel. Wie daarom geskiedenis insien as verhewe rekenskap van die verlede, ook van sy eie volksverlede, besef watter magtige wapen ten goede hy in sy hande hou wanneer hy die geskiedenis as vak aan die onvolwasse gemoed moet oorbring en vertolk. Hy sal dan nie probeer om draer te wees van 'n amorfe massa gegewens nie; hy sal tevrede moet wees om voor te sit wat in die omstandighede verteerbaar is, nie as dril- en dissiplinêre oefening nie, nie as geheuetoets nie. Hy sal ook nie optree as chauvinistiese klaskamerdemagoog nie, maar as nederige tolk van Geskiedenis, as daardie groot en allesoortreffende kultuurboodskap wat hyself in sy ryper gees deur opleiding en insig, verwerf en verwerk het.

So word Geskiedenis dan by die onderwys 'n kragtige middel tot menslike selfkennis deur die enkeling te leer wat hy is en wat hy kan doen deur hom te wys wat die mens al gedoen het; deur by hom daardie begrip en eerbied te kweek vir die instellings en waardes van sy gemeenskap en sy volk, en ook die klare besef van daardie beskeidenheid en breë, humane simpatie en begrip wat in hierdie verwarde wêreld nog vir ons kan help om die ou Duitse spreekwoord uit te leef: agter die berg woon ook mense.

Prof. W. J. de Kock.